SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 MEMORANDUM

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**ASSESSERINGSRIGLYNE:**

1. Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.

2. Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.

3. As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

4. Indien 'n spelfout die betekenis van 'n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

5. Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

6. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

7. Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

8. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...

   a. by vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:

   b. sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.

   c. indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

9. Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

10. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

11. Aanvaar dialektiese variasies.

12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## VRAAG 1: ARTIKEL

| Nr. | Antwoord | | Punt | Denk-vlak |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Aan die universiteit van Pennsilvanië. ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.2 | • Deursettingsvermoë ✓<br>• Vasbyt ✓<br>• Deurdruk ✓<br>• Op jou tande byt ✓ **(Enige twee)** | | (2) | 1 |
| | | | | |
| 1.3 | IK ✓ **(sonder punte en hoofletters anders verkeerd)** | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.4 | Jy moet intelligent wees om geleenthede raak te sien. ✓<br>Jy kan nie suksesvol wees as jy slim is en nie hard werk nie. ✓<br>Jy moet intelligent wees om suksesvol te wees. ✓<br>**(Die kandidaat moet 'n <u>rede</u> gee)**<br><br>*Jy kan nie suksesvol wees as jy nie slim is nie*. OF<br>*Jou intelligensie dra grotendeels tot sukses by* **(Sê nie HOE nie en kan nie aanvaar word nie.)** | | (1) | 4 |
| | | | | |
| 1.5 | Sosiale intelligensie is hoe positief / suksesvol 'n mens in 'n groep optree / hoe suksesvol jy in ander se geselskap is. ✓<br><br>**(Of soortgelyke beskrywing) Jy moet kan afgelei dat die kandidaat 'n begrip het dat dit gaan oor <u>hoe suksesvol mens in 'n groep sosiaal verkeer</u>.** | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.6 | 1.6.1 | Ja. | | |
| | | | | |
| | 1.6.2 | Kinders in 'n gevaarlike omgewing baklei net om te oorleef / sien nie 'n blink toekoms nie. ✓ | | |
| | | | | |
| | 1.6.1 | Nee. | | |
| | | | | |
| | 1.6.2 | Kinders in 'n gevaarlike omgewing weet wat dit is om vir iets te baklei / probeer hulle bes om 'n beter lewe te lei. ✓ | (1) | 4 |
| | | | | |
| | | **(Of soortgelyke antwoord). Geen punte word vir Ja / Nee toegeken nie. Die motivering moet by die Ja / Nee pas anders verbeur die kandidaat die punt.** | | |
| | | | | |
| 1.7 | **C** deurbyt ✓ | | (1) | |
| | | | | |
| 1.8 | Jy moet altyd aanhou / jou bes probeer / deurdruk met die oog op jou toekoms. ✓<br>Jy moenie net vir kort rukkies vasbyt nie. ✓<br>Jy moenie net vir party dinge vasbyt nie. ✓<br>Jy moet aanhou werk / probeer totdat jy jou doel bereik.<br>**(Of soortgelyke antwoord.)** | | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.9 | Jy moet steeds hard werk om jou talent te verbeter. / As jy nie hard werk nie, kan talent alleen jou nie suksesvol maak nie. ✓<br>Dit laat jou nie vasbyt of deurdruk nie.✓<br>Daar is baie talentvolle mense wat nie by hulle doelstellings hou nie. ✓<br>**(Enige twee)** | (2) | 4 |
| | | | |
| 1.10 | ... meer geneig om aan te hou probeer nadat hulle foute gemaak het, ✓<br>/OF want hulle besef dat enige mislukking nie permanent is nie ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.11 | Sodat ons weer voor kan begin ✓ (en leer om vas te byt)<br>Sodat ons lesse kan leer ✓<br>Om deursettingsvermoë te ontwikkel ✓<br>Enige mislukking is nie permanent nie. ✓<br>**(Of soortgelyke redenasie.)** | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.12 | As intelligente (slim) kinders nie werk nie, kan hulle swakker doen as minder-intelligente (dom) kinders. ✓✓<br>Minder-intelligente kinders kan harder werk as intelligente kinders en beter vaar. ✓✓ (omdat hulle besef niks kom verniet nie.)<br>Minder intelligente kinders met ŉ hoë vasbyt uitslag sal beter vaar. ✓✓<br>**(Of soortgelyk redenasie.)** | (2) | 3 |
| | | | |
| 1.13 | As jy nie weer probeer nie. ✓<br>As jy ophou om te probeer. ✓<br>As jy dink jy gaan nie sukses behaal nie. ✓<br>**(Enige logiese antwoord)** | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.14 | blootstel ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.15 | By ŉ militêre opleidingsfasiliteit word daar baie fisiese oefening gedoen en mense moet fisies ✓ en emosioneel ✓ kan aanhou om suksesvol te wees. ✓<br>Sy wou weet wat dit is wat sommige mense vorentoe in die lewe druk. ✓ | (2) | 3 |
| | | | |
| 1.16 | Sport leer jou om aan te hou. ✓<br>Sport leer jou om, as jy ŉ fout maak, jy daaruit kan leer en aan te gaan. ✓<br>Dit leer jou om saam met ander mense te werk. ✓<br>**(Enige een of soortgelyk.)** | (1) | 3 |
| | | **[20]** | |

## ADVERTENSIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.17 | gratis ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.18 | 1.18.1 | Denotatief ✓ | (1) | 4 |
| | | | | |
| | 1.18.2 | Letterlik ✓ / Hulle help mense (tuis of op die pad) ✓ | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.19 | Hulle moet die toepassing (op hulle selfone / slimfone / of op hulle rekenaar) aflaai. ✓ | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.20 | App Store ✓<br>Google play ✓ | | (2) | 1 |
| | | | | |
| 1.21 | "app" / app ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.22 | motor en huis ✓ | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 1.23 | C ✓ (net korrekte letter) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.24 | Dag en nag beskikbaar. ✓<br>24 uur per dag beskikbaar. ✓<br>Altyd beskikbaar. ✓ | | (1) | 3 |
| | | | **[10]** | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ŉ PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:**
**Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.**

**Punte**
1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**
**Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.**

**Punte**
6–7 aanhalings – geen punte vir taal
1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

| | |
|---|---|
| Feit | 7 |
| Taal | 3 |
| Totaal | 10 |

**LET WEL**
**Formaat:**
- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: INSTRUKSIES

- Skryf SEWE wenke vir **gesonde eetgewoontes** neer.
- **Daar kom NEGE moontlike feite in die leesstuk voor.**
  (Die onderstreepte sinne kan direk aangehaal word**.)**

| GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES. | | |
|---|---|---|
| | | |
| | **Die teks soos in die vraestel** | **Moontlike verwerking (Verskeie opsies van dieselfde wenk word by elk gegee.)** |
| 1. | Ouers moet van ʼn jong ouderdom gesonde eetgewoontes by kinders aanmoedig. Gesonde eetgewoontes en oefening kan vetsug in kinders en volwassenes voorkom. Hier volg ʼn paar riglyne ten opsigte van gesonde eetgewoontes vir almal. | Geen wenke nie. |
| | | |
| 2. | Dit is belangrik om jou dag met ʼn goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, ʼn 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel. | Jy moet jou dag met ʼn goeie ontbyt begin. /<br>Eet ʼn goeie ontbyt. /<br>Moenie ontbyt oorslaan nie.<br>*(Om diabetes te ontwikkel, is ʼn moontlike gevolg en nie ʼn wenk nie.)* |
| | | |
| 3. | Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder. | Eet gereelde maaltye.<br>*(Jou bloedsuiker wat val en produktiwiteit wat verminder, is ʼn gevolg en nie ʼn wenk nie.)* |
| | | |
| 4. | Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar ʼn wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed. | Onthou porsiegroottes. /<br>Moenie te veel of te min eet nie.<br>*(Wanbalans in energie en voedingswaarde en lewenskwaliteit wat beïnvloed word, is ʼn moontlike gevolg en nie ʼn wenk nie, maar wel ʼn rede hoekom die korrekte porsiegroottes belangrik is.)* |
| | | |
| 5. | Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in. | Beperk jou inname van verfynde stysel. |
| | | |
| 6. | Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir ʼn gesonde leefstyl is. | Eet elke dag vars groente en vrugte.<br>*(Noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir ʼn gesonde leefstyl is, is ʼn nie ʼn wenk nie. Dit gee wel ʼn rede hoekom jy vars groente of vrugte moet eet.)* |

| | | |
|---|---|---|
| 7. | Drink genoeg water; 6–8 glase is ŉ goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink. | Drink genoeg water. /<br>Drink 6–8 glase water per dag.<br>*(Jy kan aanleer om water te drink, is nie ŉ wenk nie.)* |
| | | |
| 8. | Probeer om jou vetinname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat- en hartsiektes. | Moenie te veel vet eet nie. /<br>Beheer jou vetinname.<br>*(Vet is belangrik en te veel vet lei bloedvat- en hartsiektes, is nie ŉ wenk nie. Dit gee ŉ rede hoekom vetinname beheer moet word.)* |
| | | |
| 9. | Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is. | Jy moet meer vis eet. /<br>Vis ŉ belangrik. /<br>Vis is goed vir jou gesondheid<br>*(Vis is ryk aan omega 3-vetsure is nie ŉ wenk nie, maar ŉ rede hoekom meer vis geëet moet word.)* |
| | [Verwerk: *Lig*. Julie 2013] | |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## ASSESSERINGSRIGLYNE

### WOORDSTRUKTURE:

* Spelling moet korrek wees om ŉ punt te verdien.
* Die standaardvariant geld.
* Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)

### SINSTRUKTURE:

* Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
* Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
* Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met eenwoord antwoorde**.
* Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
* Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
* LET WET: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
* **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | **D** dat die leser daaroor moet dink om wel ŉ spesialis te kontak. | | Herken en kies die korrekte antwoord. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 3.2 | ŉ AVBOB-polis uit te neem. ✓ | | Herkenning van en funksionaliteit en impak van manipulerend taal. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 3.3 | Die handgebaar wys op goed / bakgat / wow. ✓<br>Die drie vingers in die lug wys dat daar drie keer die voordele is. ✓<br>Dit wys dat dit die perfekte polis vir die leser/jou is. ✓<br>**(Of soortgelyke antwoord)** | | Kennis van die funksionaliteit van die gebruik van alliterasie / klankryke taal in advertensies. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 3.4 | Mense verstaan dit beter / Dit sal nie reg klink as jy die woord (direk) vertaal nie. Die polis se naam is **Cashback**. ✓<br>**(Of soortgelyke antwoord)** | | Kennis van die funksionaliteit en impak van die gebruik van emosionele taal in advertensies. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 3.5 | Dit **beklemtoon** dat daar net **een** spesialispolis is met **drie** keer die voordele. / om die leser se aandag te trek. / Dit laat die leser op die belangrike inligting (van die advertensie) fokus✓ | | Kennis van funksionaliteit van die gebruik van spesifieke woordformaat in advertensies. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 3.6 | 3.6.1 | As "ons" gebruik word, word na AVBOB verwys. Hulle maak die advertensie ŉ persoonlike twee-rigting gesprek tussen AVBOB en die persone wat die advertensie lees. / Wil wys dat AVBOB gee om. ✓ | Kennis van die funksionaliteit van aanspreekvorme (persoonlike voornaamwoorde) in advertensies. | (1) | 4 |
| | | | | | |
| | 3.6.2 | Met die gebruik van "jy" word daar ŉ twee rigting gesprek tussen AVBOB en die leser gevoer. ✓ Hulle maak dit ŉ meer persoonlike gesprek tussen AVBOB en die leser. / Om die leser deel te maak van die advertensie. ✓ | Kennis van die funksionaliteit van aanspreekvorme (persoonlike voornaamwoorde) in advertensies. | (1) | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.7 | Enige persoon wat begrafnisdekking wil hê. ✓<br>**(Die antwoord moet rasioneel en realisties binne konteks wees.)** | Kennis van die funksionaliteit en impak van manipulerende taal in advertensies. | (1) | 4 |
| | | | | |
| 3.8 | Buitengewone is ŉ sterk woord. ✓<br>Buitengewone beklemtoon die feit dat dit meer as baie goed/uitstekend is. ✓ | Kennis van die funksionaliteit en impak van adjektiewe in advertensies. | (1) | 4 |
| | | | **[9]** | |

**VRAAG 4: STROKIESPRENTE**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 | Figuurlik ✓ | Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal. | (1) | 4 |
| | | | | | |
| | 4.1.2 | Dit beteken dat hy (Neelsie) nie baie slim is nie. / nie goed in wiskunde / met syfers is nie. ✓ | Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal binne konteks. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 4.2 | Neelsie dink hard wat die antwoord is. ✓<br>Die ellips beteken dat hy dink. ✓ / weet nie wat die antwoord is nie. ✓<br>**(of enige logies beredeneerde antwoord).** | | Funksionaliteit van leestekens. | (1) | 2 |
| | | | | | |
| 4.3 | B ✓<br>***(C dat hy ietsie verkeerd doen*: word nie aanvaar nie. ŉ Groot nuanse verskil t.o.v. die strokie wat antwoord B korrek maak.)** | | Kennis van idiomatiese taal. | (1) | 1 |
| | | | | | |
| 4.4 | Meneer skree op Neelsie. / Meneer raak kwaad. ✓ | | Begrip en verstaan van geïmpliseerde woorde binne konteks deur karakters en lesers. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 4.5 | Hy trek sy mond ✓ OF<br>Sy oë is baie groot. ✓ OF<br>Sy gesigsuitdrukking wys dat hy geskok / bekommerd is oor wat gebeur het. ✓ | | Begrip en verstaan van gesigsuitdrukking binne konteks. | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 4.6 | Dat hy meneer wil sagmaak ✓ omdat hy nie sy werk gedoen het nie. ✓<br>Dat hy meneer wil omkoop ✓ omdat hy nie sy werk gedoen het nie. ✓ | | Begrip en verstaan van suggestie binne konteks. | (2) | 3 |
| | | | | | |
| 4.7 | Die manier hoe Neelsie sit. ✓ OF<br>Sy gesigsuitdrukking is redelik uitdrukkingloos. ✓<br>Neelsie lyk onbelangstellend / nie lus vir iets nie. | | Begrip en verstaan van visuele aanwysings / riglyne van vinnige beweging in die skets. | (1) | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.8 | Dit beteken dat hy eintlik nie wiskunde kan doen nie. ✓<br>**(Of enige logies beredeneerde antwoord.)** | Woordskat<br>Verstaan en verduideliking van woord binne konteks. | (1) | 3 |
| | | | **[10]** | |

**VRAAG 5: PROSA (GRAPPIES)**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 | Indien die kandidaat sin 1 kies: | Interpretasie van opskrifte en implisiete boodskap / betekenis.<br><br>**Geen punt word vir 5.1.1 toegeken nie.** | | |
| | | | | | |
| | 5.1.2 | Die antwoord kan bv. wees dat die stelling die leser “uitnooi” om verder te lees/lag. ✓<br>Die leser word aangemoedig om verder grappies te lees. ✓<br><br>**(Of soortgelyke antwoord).** | | | |
| | | | | | |
| | 5.1.1 | Indien die kandidaat sin 2 kies: | | | |
| | | | | | |
| | 5.1.2 | Dit is reeds ’n vooraf stelling dat die leser moet lag (of hy/sy die grappies verstaan of nie). ✓<br>Dit is reeds ’n vooraf opdrag dat die leser moet lag (of hy/sy die grappies verstaan of nie). ✓<br><br>**(Of soortgelyke antwoord).** | | (1) | 3 |
| | | | | | |
| 5.2 | Jannie kyk **nie** hoe sy tannie poeier op haar baba gooi **nie**. ✓ | | Kennis en korrekte gebruik van die ontkennende vorm / negatief.<br>Korrekte gebruik van nog nooit met nie aan die einde van die sin om ’n punt te verdien. | (1) | 1 |
| | | | | | |
| 5.3 | Tannie moenie sleg voel nie **omdat** ons hond ook baie vlooie **het**. ✓<br><br>**(Kandidaat moet die twee sinne, soos in die vraestel versoek, volledig neerskryf anders verbeur hy die punt**.) | | ... omdat ... het. Korrekte gebruik van voegwoord. | (1) | 2 |
| | | | | | |
| 5.4 | min ✓ | | Kennis van woordeskat. | (1) | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.5 | Pa **sal/gaan kyk** hoe sy dogtertjie met die hond (sal/gaan) speel. ✓ **(Sal/gaan (speel) is opsioneel. Die kandidaat kan dit gebruik of nie. Dit maak geen verskil aan die puntetoekenning nie.) (GAAN in die plek van SAL kan ook aanvaar word.)** | Gebruik van die toekomende tyd.<br>Die korrekte plasing van die hulpwerkwoord en hoofwerkwoord wat na die einde van die sin skuif. | (1) | 2 |
| | | | | |
| 5.6 | tuis ✓ | Korrekte kennis en gebruik van bywoord. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 5.7 | Wagter se tande **word deur die kind ge**borsel. / Wagter se tande word geborsel deur die kind. ✓ | Gebruik aktiewe→passiewe vorm: teenwoordige tyd.<br>VW + WORD + Wyse + DEUR + OW + GE(ww). | (1) | 2 |
| | | | | |
| 5.8 | Hy sê: "Ek is jaloers op my ouers." ✓ | Gebruik van die direkte rede.<br>Korrekte plasing van die koppelwerkwoord,<br>die verandering van die persoonlike voornaamwoorde. | (1) | 2 |
| | | | | |
| 5.9 | Koel. ✓<br>Korrekte spelling vir 'n punt. | Kennis van woordeskat. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 5.10 | Ek **dink** dat my naam *Bly Stil* **is**. | Die wegval van die hulpwerkwoord het asook ge- in die teenwoordige tyd.<br><br>was verander na is. | (2) | 1 |
| | | | | |
| 5.11 | Die man vra vir sy vrou of **sy** ✓ nog huis skoon **maak**.✓<br>**(Die vraagteken (?) moet weggelaat word, anders verbeur die kandidaat 1 punt.)** | Gebruik van indirekte rede.<br>Werkwoord wat na die einde van die sin moet skuif (1 punt).<br>Die 1ste persoon verander na 3de persoon (1 punt). | (2) | 2 |
| | | | | |
| 5.12 | silwerskoon ✓<br>**(Nie beeldskoon nie)** | Gebruik van die intensiewe vorm. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 5.13 | hulp ✓ | Gebruik van korrekte woord. | (1) | 1 |
| | | | **[15]** | |

## VRAAG 6: PRENT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | pik ✓ | Gebruik van voorsetsel. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.2 | met ✓ | Gebruik van korrekte woord. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.3 | bril ✓ | Woordeskat. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.4 | T-hemp ✓ | Woordeskat. | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.5 | dig ✓ | Korrekte gebruik van die adjektief (b.nw.). | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.6 | Bank (snw.):<br>* waar geld bewaar word.<br>* Plek waar voorraad gehou word bv. die bloedbank.<br>* Wat hy het, is die bank: in dobbelspel.<br>* Werksbank van ambagsman.<br>* Bank water: massa / opeenhoping<br>* Klip- oogbank: bult wat uitsteek.<br>* Skoolbank<br>* Regsbank<br><br>Bank (ww)<br>* Deponeer | Korrekte gebruik en kennis van uitgebreide woordeskat.. | (1) | 2 |
| | | | **[6]** | |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**